WEER IN BEHEER

Sy maak van alles in haar lewe 'n sukses, maar die afgelope drie jaar was baie swaar. Nou het sy besluit om haar geluk terug te kry.

DEUR ERNUSTA VAN WYNGAARD

Die *Powerball*-aanbieder, Jolene Martin (33), glimlag Dinsdae en Donderdae breed en lyk opgewek wanneer sy nommers aflees wat sukkelende Suid-Afrikaners miljoenêrs kan maak. Sy is altyd uitgevat en op 'n manier lyk die *Powerball* soos 'n sprokieswêreld met Jolene, wat 'n towerstaf swaai wat iemand se lewe onherroeplik kan verander. Maar agter hierdie glimlag en die sprokiesagtige voorkoms, is daar 'n vrou wat deur diep waters is en weer "op soek is na geluk".

En sy is goed op pad daarheen. "Ek is 85% daar," sê hierdie oud-Kapenaar, wat nou al vir etlike jare in Johannesburg bly. Jolene is 'n gesels-mens, maar ook 'n luistermens. Sy hou nie net van haar eie storie vertel nie, maar stel opreg belang in ander mense en húl lewensverhale. En sy mag nou 'n Gautenger is, maar die Mitchells Plain in haar (waar sy grootgeword het), kom steeds deur wanneer sy stukke sny.

Drie dinge wat egter nie lagwekkende gebeurtenisse in haar lewe was nie, is toe sy op skool erg geboelie was; toe sy in 'n abusive verhouding was; en haar egskeiding.

Jolene en haar vervreemde man se egskeidingsaak loop nog sy wettige gang en sy kan nie te veel daaroor sê nie. En ook omdat dit 'n teer saak is, want niemand trou met die gedagte dat jou sprokiesverhaal nie 'n gelukkige einde gaan hê nie.

"Die egskeiding is moeilik, want ek wou 'n huwelik en 'n gesin hê. Ek was drie jaar getroud, maar het binne die eerste jaar geweet ek het 'n fout gemaak. Ek het daaraan gedink dat God nie van egskeidings hou nie en het gewonder wat die kerk sou dink, maar ek het ook geweet ek moet my geluk terugvat," vertel Jolene kalm.

Voor sy by hierdie kalm punt gekom het, het Jolene 'n stryd met haarself gestry. Sy het soos 'n mislukking gevoel en vir haar was die slag ekstra hard omdat sy nog nooit met enigiets in haar lewe misluk het nie.

"Vir twee jaar van my getroude lewe het ek soos 'n totale mislukking gevoel, maar my pa was wonderlik. Hy het vir my gesê, al het ek misluk, kan ek steeds suksesvol wees. Dit (ongelukkige huwelik) het my loopbaan beïnvloed. Gelukkig nie só erg dat ek my werk verloor het nie, maar my gemoedstoestand wel."

ANDER STRYDE

Lank voor sy hierdie moeilike tyd beleef het, was Jolene op laerskool erg geboelie. Dit was in 'n tyd toe hul gesin, bestaande uit pa Joe, ma Charlene, Jolene, 'n suster, Lynette (30), en broer, Rowan (27), van Portlands, Mitchells Plain, na Crawford getrek het. Dinge in Mitchells Plain was woes met apartheidsonluste en haar ouers wou nie hê hul kinders moes dit alles beleef nie.

Jolene was toe in standerd een (gr. 3) en die "nuwe meisie" by Thornton Primêre Skool in Kaapstad toe sy 'n maklike teiken word.

"Ek het nog nooit hieroor gepraat nie," sê Jolene voordat sy effens emosioneel raak.

"Ek het snaaks gegroei. Ek het lang arms en bene gehad; ek het skielik heupe en boude gekry en was so 'n buitestaander. Eendag het 'n paar meisies gemaak asof hulle my in hul sirkel wil insluit en gesê hulle almal trek die volgende dag mooi klere en skoene aan en ek moet dieselfde doen. Ek het só aangetrek, maar toe is hulle almal in netbalklere. Tydens 'n ander voorval het agt meisies van 'n ander skool my ná skool aangeval en geslaan, terwyl ander leerders net toegekyk het."

Jolene is ook gedreig. Sy vertel sy het eendag haar ma gevra wat dit beteken as iemand sê: 'I'm gonna kick you in your chops'. Haar ma het gesê dit maak nie saak wat dit beteken nie, maar dat sy die volgende dag skool toe gaan.

"Ek het eers in standerd ses (gr. 8) uitgevind iemand bedreig jou lewe wanneer hulle dit sê. Dis hoekom my raad aan meisies is wat geboelie word, om vir iemand daarvan te sê. Meisies moet ook besef die mens wat jy is wanneer jy op skool is, is nie noodwendig die mens wat jy gaan wees wanneer jy klaar is met skool nie. Vind iets waarvoor jy lief is en sit al jou energie daarin. Vir ouers wil ek sê om jou kind in selfverdedigingklasse te kry as hulle geboelie word. Nie om geweld aan te moedig nie, maar sodat hulle hulself kan verdedig," raai sy ernstig aan.

Dan raak sy weer aan die lag wanneer sy byvoeg: "Vir daai meisies wat my so geboelie het, wil ek sê: 'Kyk hoe lyk ek nou!'"

LOOPBAAN RED HAAR

Laerskool was nie vir Jolene 'n plesier nie, maar toe sy hoërskool by die meisieskool Sans Souci begin, het sy 'n punt daarvan gemaak om nie weer gespot te word nie. Sy is skool toe met 'n nuutgevonde selfvertroue en het haar ingeleef in drama en sang – iets waarin sy goed was.

Jolene het TV-aanbieding begin doen, wat haar uit haar dop laat kruip het. Daarna het rolle in verhoogproduksies soos *Who Killed Jimmy Valentine?* en *Chicago* gevolg. 'n TV-vervaardiger was een keer in die gehoor toe sy in 'n skoolproduksie was en het haar gevra om 'n TV-program *2Cool* aan te bied. Haar talente het haar ook op 17 na 'n Verenigde Nasies (VN)-geleentheid in Parys, Frankryk geneem. Sy het die VN toegespreek oor die veranderende lewe in 'n post-apartheid-samelewing in Kaapstad.

"Dit is steeds een van my trotsste oomblikke," sê sy.

Ná skool het Jolene op haar ouers se aandrang eers 'n jaar afgevat totdat sy besluit het wat sy wou doen. Sy het Janice Honeyman, 'n bekende verhoog- en TV-regisseur, ontmoet ná 'n vertoning in *Grease*. En die res is geskiedenis, sê Jolene, wat toe nie geweet het hoe bekend Janice is nie. Danksy Janice, het Jolene werk in Johannesburg gekry en haar loopbaan vandaar gebou tot wat dit vandag is.

Jolene was ook onder meer in die TV-komedie *Scoop Schoombie*, die drama *Hard Copy*, *Fishy Fêshuns*; in nóg 'n verhoogproduksie *Girl Talk* en sy het sangwerk op 'n Mediterreense eiland vir ses maande gedoen. Hierna was sy terug in Johannesburg en het TV-aanbiedingswerk vir *Curious Culture* en *Coca-Cola Mega Millions* gedoen. En nou is sy die *Powerball*-meisie.

"Ek het nog nooit nodig gehad om werk te soek nie. My loopbaan en die momentum daarvan het mý sedert standerd ses gevind, maar *Powerball* was 'n ander storie," sê sy.

Jolene kan haar lag nie hou nie wanneer sy vertel van drie jaar gelede toe sy die tweede *Powerball*-oudisie in aanddrag moes doen. Haar agent het gesê die kliënt se identiteit moet geheim bly.

"'Die kliënt' was mal oor my, maar wou weet of ek nog nie gearresteer is vir iets nie. Nege maande later het ek uitgevind 'die kliënt' is die Nasionale Lotery," kry sy tussen die lagbuie uit.

Dit is juis haar loopbaan, waarin sy van dag een af suksesvol was, wat dit so moeilik vir Jolene maak om te aanvaar haar huwelik is die een ding wat nog nie vir haar uitgewerk het nie. Terselfdertyd is haar loopbaan ook haar anker en die een ding wat sy aan die gang wil hou wanneer ander goed nie uitwerk nie.

HOE GAAN DIT NOU?

"Ek moes voorgee my lewe is perfek, maar ek kan nie doen wat ek doen as ek mislik en hartseer is nie. Dit is hoekom ek my geluk moes terugkry."

Jolene sê voorts sy sou nie deur alles kon werk as dit nie vir haar familie se ondersteuning en haar geestelikheid was nie. Hulle help haar staande bly in tye wanneer dit moeilik is om daardie altyd-glimlaggende front vir die wêreld voor te hou.

Toe sy sukkel om dinge emosioneel bymekaar te hou, het Jolene se pa haar elke tweede week besoek om seker te maak sy is oukei.

"My geestelikheid het my geleer my abusive verhouding en egskeiding is nie my skuld nie. Wanneer jy deur so iets gaan, keer na God en jou geestelike gemeenskap. Ek het ook geleer ons vroue moet mans nie soveel beheer oor ons eie geluk gee nie. Net omdat jy nie 'n man in jou lewe het nie of alleen is, beteken nie jy is eensaam nie," sê Jolene.

Glo sy nog in die liefde?

Jolene dink eers voor sy antwoord: "Dis nou moeilik om dit te antwoord, want my idee van liefde is nie baie goed op die oomblik nie. Ek vertrou nie my opinie wanneer dit by keuses in mans kom nie. Maar God is liefde, wat beteken dit moet bestaan," sluit sy optimisties af.

Jolene is 'n sterk vrou wat kén van deur die trane glimlag. Maar belangriker nóg, is sy soveel sterker omdat sy beheer oor haar eie geluk neem en wegstap van situasies wat haar seermaak. 'n Les vir elke vrou.

KLERE: JO BORKETT, JJ SCHOEMAN EN JOLENE SE EIE; **SKOENE:** EUROPA ART; **BYKOMSTIGHEDE:** SASS DIVA; **HARE:** STEPHAN PIETERSEN VAN THE SENATE HAIR SALON; **GRIMERING:** KELLI FUCHS; **STILERING:** KIM WINTERSCALE EN ERNUSTA VAN WYNGAARD; **FOTO'S:** PIETER DU TOIT